Desember / December 2026

SSK

wenakker

NUUSBRIEF • NEWSLETTER

Lukas 1:49: " Want Hy wat magtig is, het groot dinge aan my gedoen, en "heilig" is sy Naam."



KERSFEES/CHRISTMAS 2026

Soos 2026 ten einde loop en ons voorberei om Kersfees te vier, staan ons opnuut stil by die wonder van Christus se geboorte. Meer as tweeduisend jaar gelede het God Sy Seun na die wêreld gestuur as die grootste bewys van Sy liefde vir die mensdom. Die geboorte van Jesus Christus bring vir ons hoop, vrede en die versekering dat God altyd teenwoordig is - selfs in tye van onsekerheid en uitdagings.

Wanneer ons terugkyk op die afgelope jaar, besef ons weer hoe vinnig die tyd verbygaan. Elke jaar bring sy eie geleenthede en uitdagings, sy oorwinnings en teleurstellings. Tog bly daar een waarheid wat nooit verander nie: God se trou. Hy het ons ook gedurende 2026 gedra, gelei en voorsien op maniere wat ons nie altyd onmiddelik raakgesien het nie, maar waarvoor ons met dankbaarheid kan terugkyk.

Kersfees gee ons die geleentheid om vir 'n oomblik stil te raak. Om weg te tree van die gejaag van die alledaagse lewe en te fokus op dit wat werklik belangrik is. Dit is 'n tyd om kwaliteit tyd saam met familie en vriende deur te bring, om verhoudings te versterk en om dankbaar te wees vir die mense wat deel vorm van ons lewens. Ons dink ook in hierdie tyd aan dié wat 'n moeilike jaar beleef het of wat die feestyd sonder 'n geliefde aanpak. Mag die vrede en vertroosting van Christus elke huis en elke hart aanraak.

As ons na SSK kyk, is daar baie waarvoor ons dankbaar kan wees. Dit was 'n jaar waarin ons weereens die krag van samewerking beleef het. Ons lede, werknemers, direksie, verskaffers en kliënte het elkeen 'n belangrike rol gespeel om ons organisasie verder te versterk. Julle toewyding, harde werk en vertroue het dit moontlik gemaak om uitdagings die hoof te bied en nuwe geleenthede aan te gryp.

Landbou bly 'n bedryf waarin geloof, volharding en hoop daagliks getoets word. Ons weet dat daar talle faktore buite ons beheer is, maar ons weet ook dat die landbougemeenskap gekenmerk word deur mense wat nie maklik opgee nie. Mense wat bereid is om aan te hou saai, te bou en te belê met die geloof dat die oes op sy tyd sal kom. Hierdie gees van deursettingsvermoë bly een van die grootste sterkpunte van ons gemeenskappe.

Ons wil graag ons opregte waardering uitspreek teenoor elke SSK-lid en werknemer vir julle lojale ondersteuning en bydrae gedurende die afgelope jaar. Julle bly die hart van ons organisasie en die rede waarom ons elke dag daarna streef om beter diens, beter oplossings en groter waarde te lewer.

Terwyl ons uitsien na 2027, doen ons dit met vertroue en geloof. Nuwe uitdagings sal ongetwyfeld op ons pad kom, maar ook nuwe geleenthede. Mag ons dit saam aanpak met dieselfde gees van samewerking wat SSK oor baie jare gekenmerk het.

Mag hierdie Kersfees gevul wees met vrede, liefde, vreugde en dankbaarheid. Mag die lig van Christus helder skyn in elke huis, en mag die nuwe jaar vir elkeen van julle geseënd wees met goeie gesondheid, voorspoed en nuwe geleenthede.

Namens die SSK-groep wens ek elkeen van u en u geliefdes 'n geseënde en vreugdevolle Kersfees toe. Met opregte waardering en seën!

- Francois Swanepoel
Hoof Uitvoerende Beampte

Werk saam, wen saam

As 2026 draws to a close and we prepare to celebrate Christmas, we are once again reminded of the wonder and significance of Christ's birth. More than two thousand years ago, God sent His Son into the world as the greatest expression of His unconditional love for mankind. The birth of Jesus Christ reminds us of the true meaning of Christmas and brings with it a precious message of hope, peace and love, reassuring us of God's presence - even in times of uncertainty and challenges.

As we reflect on the past year, we are once again reminded of how quickly time passes. Each year brings its own opportunities and challenges, victories and disappointments. Yet, one truth remains unchanged: God's faithfulness. Throughout 2026, He has carried us, guided us and provided for us in ways we may not always have immediately recognised, but for which we can look back with gratitude.

Christmas gives us an opportunity to pause for a moment. To step away from the rush of everyday life and focus on what truly matters. It is a time to spend quality time with family and friends, strengthen relationships and express gratitude for the people who form part of our lives. During this time, we also remember those who have faced a difficult year or are approaching the festive season without a loved one. May the peace and comfort of Christ touch every home and every heart.

When we reflect on SSK, there is much to be thankful for. It has been a year in which we have once again experienced the power of working together. Our members, employees, board of directors, suppliers and customers have each played an important role in strengthening our organisation. Your dedication, hard work and trust have enabled us to face challenges and embrace new opportunities.

Agriculture remains an industry in which faith, perseverance and hope are tested every day. We know that there are many factors beyond our control, but we also know that people in the agricultural community refuse to give up easily. People who are willing to keep sowing, building and investing, with the faith that the harvest will come in due time. This spirit of perseverance remains one of the greatest strengths of our communities.

We would like to express our sincere appreciation to every SSK member and employee for your loyal support and contribution throughout the past year. You remain the heart of our organisation and the reason we continue to strive each day to deliver better service and solutions and greater value.

As we look ahead to 2027, we do so with confidence and faith. New challenges will undoubtedly lie ahead, but so will new opportunities. May this Christmas be filled with peace, love, joy and gratitude. May the light of Christ shine brightly in every home and may the year ahead be blessed with good health, prosperity and new opportunities for each and every one of you.

On behalf of the SSK Group, I wish each of you and your loved ones a blessed and joyful Christmas. With sincere appreciation and blessings!

- Francois Swanepoel
Chief Executive Officer

Work together, win together



KYLA WASSERMAN VAN ALBERTINIA



Kyla saam met haar dogter Ella-né en man Stefan.

Om die perfekte lamsvleis op die kole gaar te maak, is een ding, maar om ook lammers van kleins af só groot te maak dat hulle uitstaande lamsvleis op kompetisievlak lewer, sit nie in enige man se broek nie! Daar is egter een "man" wat dit onlangs reg gekry het en aan ander gewys het hoe dit gedoen word – en dit natuurlik is SSK-lid, Kyla Wasserman, wat as wenner van die onlangse Lamb Champs Boland-streek-kompetisie aangewys is.

Sonder enige formele landbou kwalifikasie of vorige boerdery-ervaring, het die 25-jarige, gekwalifiseerde onderwyseres van Klerksdorp eers in 2024 haar voete in die boerderywêreld gevind nadat sy en haar man, Stefan, in Desember dieselfde jaar getrou het. Om as wenner uit 100 inskrywings aangewys te word, is beslis 'n besondere prestasie. Gegewe haar jong ouderdom en beperkte boerdery-ervaring maak dit die oorwinning nóg meer indrukwekkend. Wat dit verder besonders maak, is dat Kyla tydens haar tweede deelname aan die kompetisie geskiedenis gemaak het deur om met 'n Dohne Merino-inskrywing koning te kraai – 'n kompetisie wat tradisioneel deur vleisskaaprasse oorheers en gewen word.

Die week voordat die Lamb Champs-televisiespan 'n opname oor Kyla op die plaas kom maak, besluit ek om self vir haar en Stefan te gaan besoek op S J Familie Boerdery, net buite Albertinia. Met my aankoms by hul huis is dit eers die hondekinders wat my kom groet. Ek probeer hard om nie deur hul massiewe boerboel, Bruno, geïntimideer te voel of dit te wys nie!

Kyla sit die ketel aan terwyl ons oor die uitdagings van boervrou én ma-wees gesels. Sy vertel dat sy tydens haar eerste deelname aan die kompetisie in 2025 alles tot in die fynste besonderhede beplan het. Sy het baie moeite gedoen en was goed voorberei – "ek het nie eens onder die top 12 geëindig nie". Vanjaar was die prentjie egter heel anders. Met 'n ses maande oue kleintjie wat meeste van haar aandag veg, was daar min tyd vir beplanning en voorbereiding – en daar wen sy sonder enige moeite! "Selfs Stefan se Dohne Merino-Dormer-inskrywing het 'n beter kans as myne gestaan," vertel sy laggend.

Haar liefde vir diere en plaaslewe spruit van 'n jong ouderdom en sy noem dat sy altyd geweet het dat sy eendag met 'n boer sou trou. In 2022 het sy na George verhuis. Omrede dit moeilik was om 'n aanstelling in die onderwys te bekom, het sy uiteindelik as troubeplanner by Wabooms-kraal, net buite Herold, begin werk. "Die plaaslewe was aanvanklik 'n groot aanpassing vir Kyla. Alles moes name kry en elke dier moes soos 'n troeteldier behandel word. In boerdery werk dit nie so nie. Of dit nou 'n rooikat is wat die skaap vang waarvan jy die meeste hou, of 'n skaap vreet iets en maak dit nie - dit het haar baie geraak. Sy moes vinnig leer om by die realiteit van die plaaslewe aan te pas," vertel Stefan vanuit die sitkamer.

Sy het egter só goed by haar nuwe omgewing aangepas dat sy twee jaar later alleen na die skape omsien terwyl Stefan op die beeste en gewasse fokus. Stefan, wat oorspronklik van Standerton afkomstig is, se pa het die plaas in 2016 gekoop. Aanvanklik is makadamias, amandels, granate en vye ook hier aangeplant, maar vandag bestaan die boorde slegs uit granaat- en vyebome.

Hoewel sy pa nie meer voltyds by die boerdery betrokke is nie, bestuur dié twee jong boere die plaas met groot sukses. Stefan se harde werk en toewyding het vanjaar 'n besondere erkenning ontvang toe hy, op grond van die volumes wat gelewer is, deur sy uitvoerders as die Granaatprodusent van die Jaar aangewys is. Met hul Cosmix-vyevariëteit en Wonderful-granaatvariëteit wat besonders goed presteer, spreek die syfers vanself: vanjaar is 36 ton granate uitgevoer, met die grootste granaat wat'n allemintige 1,2 kg geweeg het. Dit is egter Stefan se Wassim Simentalers-beesstoet wat hom opgewonde aan die praat het en Kyla herinner hom vinnig daaraan dat dit steeds skaap is wat op dié plaas koning kraai.

Sy verduidelik egter dat haar onlangse sukses grootliks te danke is aan die ondersteuning van ander, insluitend Stefan. Sy is veral dankbaar vir die waardevolle advies van 'n ervare hand soos Pieter Aucamp van BKB, wat haar na haar eerste kudde- en evalueringveiling op Cooper geneem het. Hy het haar ook aan ander kundiges, soos Julian du Plessis, voorgestel, by wie sy meer oor voer en voeding kon leer. Vir haar gaan dit oor veel meer as net kommersiële- en stoetboerdery. Sy fokus spesifiek daarop om 'n suiwer Dohne Merino-ras te behou, asook die kruising van swakker Dohne Merino-ooie met Dormer-ramme om vleisgehalte te verbeter.

Baba Ella-né skrik wakker ná haar middagslapie, en dit is pure opgewondenheid! "Goeie beplanning is vir my baie belangrik. Sedert Ella-né se geboorte het ek min tyd om werklik te boer. Ons bespreek saans alles deeglik en sit die take vir die volgende dag uiteen. Dit help baie, want Stefan is nie altyd so goed met prioritisering nie. Hy was gewoond daaraan om voorheen alleen te boer. Nou is ons twee boere onder een dak." verduidelik Kyla.

Met sukses kom daar ook strawwe kompetisie – kompetisie waarin die speelveld nie altyd gelyk is nie. "Daar is groot name wat aan Lamb Champs deelneem en hoewel ek nou 'n titel agter my naam het, is daar steeds baie vir my om te leer," vertel sy. Met smaak, sagtheid, mondgevoel en sappigheid as deel van die beoordelingskriteria, het Kyla daarin geslaag om die beoordelaars behoorlik te beïndruk. "Kyla se Dohne Merino het veral met sy uitsonderlike sagtheid kop en skouers bo die res uitgestaan. Wat haar lam egter besonders gemaak het, is dat dié sagtheid nie ten koste van smaak, sappigheid of die algehele mondgevoel was nie. Sy het daarin geslaag om 'n uitstaande eet-ervaring oor al vier kriterias te lewer," verduidelik Saai se Operasionele Bestuurder en Lamb Champs se Projekhoof, Iné Bester.

Kyla se prestasie laat beslis 'n lekker smaak in die mond! Terwyl sy voortbou op haar sukses in die landboubedryf, deel ons met groot trots haar sappige wenstorie.

- Astrid Fisher
Bemarking en Kommunikasie Spesialis

FOKUS OP: SSK WERKNEMERS

CLIVE WRIGHT

Krediet Bestuurder: Krediet Riversdal

VERTEL VAN JOUSELF EN JOU GESIN

Ek is gebore in Uitenhage, 'n dorpie in die Oos-Kaap wat ongeveer 20 minute vanaf Port Elizabeth is. My skool-loopbaan het ek op Hoërskool Brandwag voltooi en daarna my B.Com Bemarking-graad by Nelson Mandela Universiteit. Ek en my vrou Alicia, 'n belastingbestuurder, het in 2012 getrou en ons is met drie pragtige dogtertjies, Lika wat 7 jaar oud is en 'n tweeling, Anke en Leah wat 2 jaar oud is, geseën. Ons het in 2021 na Riversdal verhuis, waar ek my huidige pos as Kredietbestuurder by SSK opgeneem het.

WAT DOEN JY/JULLE GRAAG SAAM?

Ek is 'n groot sportliefhebber en geniet dit om krieket en muurbal te speel wanneer ek die geleentheid kry – iets wat deesdae, met die kleintjies, maar selde gebeur. Ek kyk ook graag sport op TV, onder andere rugby, krieket, sokker en Formule 1. Saam geniet ons dit om bordspeletjies te speel, tyd saam met vriende en familie deur te bring en natuurlik lekker saam te braai.

KORTLIKS JOU LOOPBAAN-GESKIEDENIS TOT DUSVER

Ná afloop van my studies het ek my loopbaan by Karoo Osche as Debiteure- en Administratiewe Klerk begin. Daarna het ek 'n soortgelyke pos by BKB in Port Elizabeth beklee, waar ek ook vir 'n tydperk van ses maande as rekenmeester vir een van BKB se filiale in Frankfort, Vrystaat, waargeneem het. Ek het vervolgens na BKB se Kredietafdeling verskuif, waar ek as 'n Kredietadviseur gewerk het. In 2021 het ek by SSK aangesluit as Kredietbestuurder, waar ek tans verantwoordelik is vir die Riversdal- en Albertinia-bedieningsgebied.

REËNVAL IN STREKE

STREEK	AUG 2026	SEPT 2026	OKT 2026
Aberdeen	18	85	59
Albertinia	36	68	18
Ashton	27	66	7
Avontuur	77	79	38
Cookhouse	25	60	50
George	67	110	59
Heidelberg	42	84	48
Herold	50	51	12
Humansdorp	23	126	120
Joubertina	50	40	40
Karringmelks	28	64	40
Kirkwood	20	41	59
Knysna	54	76	72
Krakeel	60	82	83
Krombeksrivier	33	81	39
Misgund	60	48	50
Mosselbaai	53	92	2
Oos-London	49	62	83
Patensie	54	34	151
Protem	37	72	22
Plettenbergbaai	79	92	70
Riversdal	32	89	29
Swellendam	37	88	34
Uniondale	34	32	28

Geliewe daarop te let dat metings by SSK silo's, waar van toepassing, gedoen is.



Voor: Clive se vrou Alicia en Lika
Agter: Clive met Anke (links) en Leah (regs)

GROOTSTE LOOPBAAN PRESTASIE

My grootste loopbaanprestasie is om daagliks saam met my kollegas en ander rolspelers in die landbousektor 'n positiewe verskil in produsente se lewens te maak. Deur die ondersteuning en advies wat ek bied, hoop ek om selfs net een boer te help om 'n besluit te neem wat hom of haar in staat stel om hul boerdery volhoubaar voort te sit of verder uit te brei. As ek daarin kan slaag om 'n bydrae tot 'n boer se sukses en die voortbestaan van hul boerdery te lewer, weet ek dat my harde werk die moeite werd is. Ek is bevoorreg om saam met goeie mentors en kollegas te kan werk by wie ek baie geleer het en hopelik in die toekoms nog baie sal kan leer.


WAAR WIL JY JOUSELF EN SSK OOR 5 JAAR SIEN?

Ek sien uit om nog deel van die SSK-span te wees en hopelik 'n positiewe impak op die boere en gemeenskapslede se lewens te maak. SSK speel 'n belangrike en groot rol in die landbousektor van Suid-Afrika en die byvoeging van Humansdorpse Landbou Korporasie tot die besigheid, bied nuwe geleenthede vir SSK in die toekoms. In vandag se dae waar die grootste gedeelte van besigheid oor 'n telefoon-oproep, aanlyn-vergaderings of e-pos geskied, is ons nog bevoorreg om ons Lede met 'n handskud te kan groet en 'n koppie koffie saam te kan geniet.

WAT IS DIE BESTE RAAD WAT JY AL ONTVANG HET?

In ons bedryf gaan dit in die eerste plek oor mense. My raad is om altyd eerlik en opreg te wees en twee keer te dink voordat jy iets sê. Wat ek ook in my persoonlike lewe toepas is, "jou woorde kan 'n groter impak op ander mense hê as wat jy besef, daarom is dit belangrik om altyd bedagsaam en met respek teenoor ander op te tree."





DINK TERUG. DINK VOORUIT. Dink nou versekering.

Vir meer versekeringsoplossings in die kommersiële, landbou-, ingenieurs- en deeltitelsektor kontak jou makelaar of Western:
Wes-Kaap +27 (21) 914 0290, **Gauteng** +27 (12) 523 0900
of besoek **www.westnat.com**

Western National Insurance Company Bpk, geaffilieerd aan PSG Financial Services Bpk, 'n gelisensieerde beherende maatskappy, is 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste. FAIS: Regsverteenwoordiger ingevolge FSP 9465.

western
Rethink Insurance



SSK HEIDELBERG GHOLFDAG

Soos altyd was hierdie jaar se SSK Heidelberg Gholfdag 'n besonderse dag wat gevul was met sportmangees, goeie geselskap en samehorigheid. Die dag is uitstekend deur ons verskaffers, sakevennote en lede ondersteun. Elke deelnemer het 'n waardevolle bydrae tot die sukses van die dag gelewer en sodoende gehelp om SSK in staat te stel om deur die fondse wat ingesamel is, 'n betekenisvolle bydrae tot landelike veiligheid te lewer.



Wenners v.l.n.r: Zander Spammer, De Wet Joubert, Elsabé en Piet "Skaap" Gildenhuys



V.l.n.r: Morné Trollip en John Charles Swart



V.l.n.r: Juan Colyn, Guihan Groenewald en Nico Steyn



V.l.n.r: Heidric Baadjies, Anè Smit, Herman van Dyk en Pieter Louw



V.l.n.r: Andre Howitz, Niel Basson, Nolan du Preez, Christoff van Schalkwyk, Christo Ahlers en José Jegels



V.l.n.r: Mic Gildenhuys, Maartin Gildenhuys, Divan Prins en Pietie Uys



V.l.n.r: Werner Kruger, Jason Abrahams, Richard Stroebel en JJ du Preez



V.l.n.r: Nkosi Ngalo, Bernie von Wielligh, Stephan Loubser, Henoe Stoffberg, Tom Terblanche en Granville Botes

SIDECA FARMERS' INFORMATION DAY

Siphe Development and Capacitation Agency (SIDECA) continues to set the benchmark year after year while celebrating and promoting the future of agriculture though youth development. In partnership with key role players in the agricultural sector, SIDECA hosted its 5th Annual Farmers' Information Day on the 4th of September at Kaplan Village in Mthatha.

The purpose of the event is to recognise and reward high school learners for their dedication and commitment to agricultural studies as well as encouraging them to pursue employment opportunities within the sector. Umtiza Farmers' Corp was once again a proud sponsor of the event and showed their support for this valuable initiative through contributing to the development of young talent and the future of agriculture in the Eastern Cape.




F.l.t.r: Siphe Kwetana (Owner: SIDECA), Frans Noluvuyo (Forman: Clarkebury Agricultural High School), Unathi Radegi (Learner: Clarkebury Agricultural High School) and Sphosomhle Nkonki (Sales Manager: Build it)



Learners from Phandulwazi Agricultural High School sharing their excitement after being awarded for their hard work.

SSK VEEVOER VERVAARDIGERS IS WAARDEVOL



Jaco Kok van Elstelm Boerdery

Wanneer dit by die bestuur van 'n boerdery kom, is dit belangrik om 'n span aan jou sy te hê wat méér bied as net goeie advies, kundigheid en kwaliteit produkte. Dit gaan ook oor 'n span wat saam met jou planne kan maak wanneer tye moeilik raak en ondersteuning bied wanneer die uitdagings groot is.

Dit is presies wat Jaco Kok, plaasbestuurder van Elstelm Boerdery, in SSK Veevoer Vervaardigers vind. Nie net kan hy staatmaak op gehalte voer nie, maar ook op die wete dat die gesondheid en welstand van sy vee vir SSK net so belangrik is soos dit vir hom is.

Elstelm Boerdery, geleë in die Swellendam-distrik, is reeds 32 jaar lank 'n getroue SSK-lid. Die boerdery se fokus is melkproduksie, met 1200 Jersey-koeie wat gemelk word. Saam met die bestuur van hul buurplaas staan die totale kudde op 1500 melkkoeie. Die boerdery se grond word hoofsaaklik vir weiding en die produksie van kuilvoer aangewend.

"Wanneer weiding skaars raak, moet kampindelings aangepas en alternatiewe voerplanne gemaak word om aan die kudde se voedingsbehoeftes te voorsien. Dit is juis in hierdie tye dat SSK Veevoer Vervaardigers 'n waardevolle vennoot is deur te help met die formulering en balansering van die totale gemengde rantsoene om te verseker dat ons melkkoeie steeds gebalanseerde voer ontvang. Hul kundigheid en ondersteuning voeg besondere waarde toe, veral wanneer veranderende natuur- en klimaatstoestande die beskikbaarheid van weiding en voer beïnvloed.

Hulle lewer ook uitstekende diens deur die volledige proses - vanaf die vermenging van kragvoer, die verpilling en verpakking daarvan tot en met die aflewering. Dit alles gaan gepaard met goeie gehalte teen mededingende pryse.

Ek het oor baie jare 'n pad van vertroue saam met die SSK Veevoer-span gestap, en daarom is die vennootskap vandag veel meer as net 'n besigheidsverhouding. Ons verhouding is goed en wanneer daar wel haakplekke is, praat ons openlik daaroor en vind ons saam oplossings. In 'n groeiende besigheid soos ons s'n het jy betroubare sleutelrolspelers nodig op wie jy kan staatmaak. SSK Veevoer Vervaardigers is beslis een van die vyf belangrikste rolspelers wat 'n wesenlike bydrae lewer om Elstelm Boerdery volhoubaar te bedryf en doeltreffend te laat groei. Die afgelope 12 maande was daar meer as een geleentheid waar my kuilvoer eenvoudig nie genoeg was om die seisoen deur te kom nie. Die veevoer-span het egter nie ophou planne maak nie. Hulle het gehelp om alternatiewe ruvoerbronne te bekom en dit in die rantsoene te formuleer, sonder dat die kondisie of melkproduksie van ons koeie afgeneem het. Ek werk baie nou saam met Fasie, Heidric, Michiel, Abrie en Sjoert en elkeen in sy eie gebied van kundigheid, is baie goed en regtig hulpvaardig."

SSK AGRILAND KONFERENSIE/ SSK AGRILAND CONFERENCE 2026



Agter v.l.n.r: Deon Wait, André van Wyk, Jaco Herselman, Francois Möller, Godwin May, Morné Terblance, André du Plessis, Gerhard van Jaarsveld en Emile de la Harpe **Tweede ry van agter v.l.n.r:** Botha Ferreira, Franco van Loggerenberg, Freddy Victor, Johan Vorster, Gerhard Piek, Lood Robbertze, Anton Swart, Johan Esterhuizen, Di-on van Zyl, Gray Channon, Theo van der Westhuizen, Lukas Meyer. Willie Rossouw, Johann Jördens, Desmond Hayes, Ryno van der Merwe en Rudi Fick **Middel v.l.n.r:** Adam de Vos, Elzaine Jansen, André Wentzel, Albert Boonzaier, Dewald Meyer, Jaco Labuschagne, Divan Prins, Phillip Rosslee, Jaqques van Greunen, Coenie van der Berg, Morné van Rensburg, Gerrit du Preez, Johan le Roux, Jaco Jonker en Rodney Baadjies **Tweede ry van agter v.l.n.r:** Patrys Erasmus, Monique van Tonder, Mariska Terblanche, Ronalda Kemp, Adri Verwey, Eugene Immelman, Tom de Koning, Ivan du Plessis, Gertjie Odendaal, Rufus Human en Christo Carstens **Voor v.l.n.r:** Karen Nel, Susan Barkhuysen, Amelia Schutte, Jonelle Fiet, Cora de Beer, Danie Slabbert, Werner Kruger, André Burger, Tronel Lourens, Sharlene Lerm-Willemse, Annare Swart, Lindie Henry en Suné Levendal

LONG SERVICE RECOGNITION

20 YEARS: Hannelie Booysen, Adam de Vos, Alfred Healing and Daniel Kettledas

15 YEARS: Villiers van Veen, Antonio Windvogel, Gerrit Simson, Ester Saayman, Flip van Rooyen, Rodney Davids, Rudi Fick, Brian Williams and Mlungiseleli Mankumbi

10 YEARS: Sharlene Lerm-Willemse, Tylor Baartman, Melisa Hamza, Michael Williams, Brendon Damons, Lynn-Anne Scheepers, Hendrik Barendse, Ruwayne Maya, Annelie Marx, Michael Rooiland, Marilyn Felix, Anslin Jaggers and Sandile Badla.



Francois Möller (left) and Freddie Victor (right), congratulate Hannelie Booysen: Receiving Officer (Agriland George), on reaching 20 years of dedicated service.



Francois Möller (left) congratulates Adam de Vos: Agriland Misgund: Branch Manager, on reaching 20 years of dedicated service.



Francois Möller (left) and Freddie Victor (right), congratulate Alfred Healing: Marketer: Paint, on reaching 20 years of dedicated service.



Villiers van Veen, SSK's Chief Financial Officer, celebrates 15 years of dedicated service! Team members from his department joined him in celebrating this special milestone. Congratulations Villiers! Here's to many more years of success and achievements together!

SSK Vrouedae

SSK se Vrouedae 2026 was vanjaar 'n besonderse geleentheid, veral omdat ons Oos-Kaap-dames ook vir die eerste keer deel van hierdie spesiale bederf geword het. Die kleur geel het die dag opgekikker en was simbolies van die betekenis van vrou-wees: toleransie, goud en krag. Die besondere verbintenis met oestyd was betekenisvol: die pragtige geel van canola wat nou in ons westelike bedieningsgebied geoes word, asook vir sitrus in die Oos-Kaap.

Uiteindelik was dit 'n geleentheid om lekker saam te kuier, 'n bietjie agteroor te sit en mekaar se geselskap te geniet wat die dag so spesiaal gemaak het. Én vir lag was daar beslis geen tekort nie! Motiveringspreker GP van Rheede van Oudtshoorn het met sy aanbieding oor kommunikasie, gaste behoorlik aan die lag gehad.

George



V.l.n.r: Ananda van der Merwe, Bernadette Barnard en Sanette de Lange





Humansdorp



V.l.n.r: Marthie Masterson, Casey Masterson, Schane Jansen van Vuuren met Benjamin, Louise Jansen van Vuuren en Sanet du Toit





Joubertina



V.l.n.r: GP van Rheede van Oudtshoorn, Theretia Strydom, Tania Potgieter en Judy Kotze





Swellendam



V.l.n.r: Landi Viljoen, Heila le Roux en Rozanne le Roux





SSK KREDIET BREI UIT

'N NUWE KANTOOR OP GEORGE!



By SSK is ons voortdurend besig om te groei. Elke keer wanneer die SSK-familie groter word, bring dit nuwe energie, vars perspektiewe en opwindende geleenthede om saam te groei en steeds beter te doen. Ons is daarom opgewonde om u as gewaardeerde lid in kennis te stel dat SSK nou ook 'n Krediet-kantoor op George geopen het! Met Maria Saayman se waardevolle kennis en 18 jaar se ervaring as deel van die SSK Krediet-span, saam met Johan Borman, wat in Januarie 2026 by die span aangesluit het, is ons opgewonde om ons lede nou ook vanuit George van diens te wees.

Johan Borman wat oorspronklik van Krugersdorp is, het by SSK aangesluit as Kredietbestuurder en is verantwoordelik vir die bediening van Lede in die George-, Langkloof- en Groot Karoo-gebied. Hy bring uitgebreide ervaring in die landbou- en kleinsakesektor na die span. Voordat hy by SSK aangesluit het, was hy vanaf 2023 tot 2025 by ABSA Riversdal werksaam as Verhoudingsbestuurder en voor dit by OBARO in Hartswater, Noord-Kaap, waar hy die pos bekleë het as Kredietbestuurder.

Ons wens vir Maria en Johan alle voorspoed toe en vertrou dat hulle saam sal voortbou op die sukses van

Werk saam, wen saam!

Kontak hulle gerus vir enige navrae rakende kredietfasiliteite, rekeningversoeke of verhoudingsbestuur.

044 801 4587 / 083 670 6946 | johan.bornman@ssk.co.za / maria.saayman@ssk.co.za



Skadunet is 'n strategiese belegging wat winsgewendheid en volhoubaarheid bevorder. Dit verbeter oeskwaliteit en opbrengs deur optimale groeitoestande te skep, terwyl dit terselfdertyd effektiewe beskerming teen omgewingsrisiko's bied.

Ons voorsien die volledige reeks agri-netprodukte, insluitend nette, pale, draad, grips en ankers. Kontak gerus vir Gerhard van Jaarsveld en Gerrit du Preez om u spesifieke behoeftes te bespreek.

Gerhard van Jaarsveld: 083 640 3651 / gerhard.vanjaarsveld@ssk.co.za
Gerrit du Preez: 072 499 3135 / gerritd@humkoop.co.za

SSK WINTERGRAANDAG

SSK Wintergraandag 2026 het weereens vanjaar beklemtoon hoe belangrik dit is dat rolspelers in landbou, en veral in die graan-bedryf, onder een dak saamkom om kennis te deel, idees uit te ruil en oor die bedryf se uitdagings en geleenthede te gesels. Soos altyd het die geleentheid produsente, verskaffers en kundiges bymekaargebring om die toekoms van die wintergraanbedryf te bespreek, insigte te deel oor huidige verwikkelinge in die bedryf en te besin oor hoe ingeligte besluitneming kan bydra tot volhoubare sukses, veral vir SSK se wintergraan-produsente. Dr. Mieke Human van SANSOR, het haar kennis oor saadtegnologie, -innovasie en -regulasies as hoofspreker met almal gedeel.



SSK Meganisasie se implemente staan trots tydens Wintergraandag.



Gaste luister aandagtig na die hoofspreker dr. Mieke Human.



Gerdus Steyn, Senior Bestuurder: SSK Saad, lewer sy toespraak.



Leerders van Hoër Landbouskool Oakdale arriveer vir registrasie.



Gaste besoek die proefpersele waar verskeie graankultivars van naderby besigtig word.



Die geleentheid bied 'n platform vir produsente en verskaffers om advies en inligting met mekaar te deel.



Gaste beweeg tussen punte waartydens hulle direk met rolspelers in die graanbedryf skakel.



Hendrik van Staden en Louis Stoffberg het ook die dag bygewoon.

SSK COMMERCIAL SERVICES SUPPLIER DAY & SUPPLIER OF THE YEAR AWARDS 2026

When great partners work together, great things happen! On the 2nd of October, SSK Commercial Services hosted its Supplier Day and Supplier of the Year Awards at the Garden Route Hotel & Casino in Mossel Bay. The event was about more than recognising the valuable contributions of its suppliers - it was a celebration of shared success, meaningful partnerships and the people who help drive SSK Commercial Services forward. In the spirit of appreciation, glasses were raised to celebrate the well-deserved recognition, shared commitment and to the strong relationships that continue to contribute to the growth and success of the business. Listed below are some of the winners in the four categories: Agriculture, Mechanisation, Retail and Umtiza Farmers' Corp. Awards were presented by SSK's Chief Executive Officer, Francois Swanepoel.



WINNER: Barenbrug South Africa Seeds: Award received by Francois Pretorius



WINNER: Van Loveren Vineyards (Pty) Ltd: Award received by Jo-Maré van Eck



WINNER: Kyron Animal Health: Award received by Sivuyile Nqetho



WINNER: APL Cartons: Award received by Wikus Rheeder



WINNER: Plusnet/Geotex, a division of Master Plastics: Award received by MJ de Kock



WINNER: Virbac RSA (Pty) Ltd: Award received by Dickie Rautenbach



WINNER: Montego Pet Nutrition (Pty) Ltd: Award received by Carien Raath



WINNER: Rovic International: Award received by Lindsay Green

SSK ITC VISITS HIKVISION AND ITEC, CHINA

SSK's Chief Executive Officer, Francois Swanepoel and I recently had the privilege of representing SSK on an ITEC and Hikvision invitation visit to China. It is difficult to describe the experience without saying that it sometimes felt as if we had stepped onto a movie set – the technology can only be described as "next level".

At Hikvision we visited the factory where the security and monitoring cameras are manufactured, followed by the facility where they build the robots that help manufacture these cameras. The scale was difficult to comprehend - huge production floors, automation everywhere, robots moving parts between stations and cameras continuously checking quality and processes. At one point you start wondering whether you are visiting the factory or whether the factory is watching you!

The quality-control environment was particularly impressive. Cameras and AI monitor so much of the production process that faults can be detected at almost every stage. We also had the opportunity to engage directly with Hikvision's technical teams and developers, see the different camera technologies and discuss how their AI models can potentially be adapted to different business requirements. That was probably one of the most valuable aspects of the visit - seeing the technology but also seeing how the people behind it think.

China itself was just as impressive. The city of Hangzhou is remarkable and while having dinner on the 41st floor while watching the city light up below us, was something I will remember for a long time. Shanghai itself was another highlight. The sheer size of the city and its skyline are difficult to appreciate until you actually stand there.

The trip was not only about technology, but we also had the opportunity to experience the culture. At West Lake there were thousands of people out enjoying their Saturday, and during one of our cultural outings we watched groups of people dancing together in the park. It was one of those moments which reminded us that, although the environment around us felt incredibly futuristic, people still enjoy the simple things in life.

When it came to the cuisine, we were treated incredibly well everywhere we went, with exceptional hospitality and respect. Saying this, some dishes however did test our diplomatic skills more than others. You quickly discover that keeping a straight face is sometimes more difficult than using the chopsticks. The chopsticks themselves became a team-building exercise. Communication was a challenge and fortunately between translation apps, gestures and the patience of our hosts, we survived.

In true South African spirit, one of the highlights was sitting together in China watching the Springboks play against the All Blacks during the Greatest Rivalry Tournament. At one point all ten of us sang Nkosi Sikelel' iAfrika at full volume - each in our own octave, with varying degrees of accuracy. It may not have been our finest musical performance, but being thousands of kilometres away from home, singing together and watching the Springboks win, made for one of the most memorable moments of the trip.

The biggest takeaway for me was not a specific camera, robot or AI solution - it was seeing what is possible when technology, infrastructure, automation, discipline and people all work together, at scale.

China gave me a very different perspective on what the future can look like and it also reminded me that no matter how advanced the technology becomes, there will always be a place for good people, good hospitality, a bit of humour and… apparently the Springboks.

- Francois Smit
Senior Manager: SSK Information



F.l.t.r: Sean Liu (Sales Manager: Africa Market - Hikvision), Ashley van Breda (Group Product Manager: Security, Software & Video Conference – ITEC), Esti Kilian (Department Head: Product & Presales – ITEC), Darryl Bester (Dealer Principal: Nelson Mandela Bay – ITEC), Francois Swanepoel (Chief Executive Officer - SSK), Francois Smit (Senior Manager: SSK Information) and Hunter Ye (Technical Director: South Africa – Hikvision)



The group visits Hikvision's Robotics Factory



A moment of pride! Even in China, a Springbok victory calls for celebration!

PAKHUIS TRIVIA 2026

Soos die sitrus-pakseisoen in die Ooste van SSK se bedieningsbied tot 'n einde kom, heers daar jaarliks groot opgewondenheid wanneer pakhuis-personeel in en rondom Kirkwood vir een aand bymekaarkom om die seisoen behoorlik af te sluit en te vier. SSK Agriland Kirkwood se Pakhuis Trivia het oor die jare 'n gewilde instelling geword wat telkens vir groot opwinding, heerlike vermaak en lekker saamkuier sorg. Dit is nie net 'n geleentheid waar kennis, kreatiwiteit en sangtalent op die proef gestel word nie, maar ook 'n besonderse geleentheid vir SSK om pakhuis-personeel te bedank vir hul harde werk en ondersteuning deur die seisoen.



WENNERS v.l.n.r. Sitrusrand Kirkwood: Schané Roets, René en Henco Robberts, Deon Bredenkamp en Desire Potgieter



V.l.n.r. Attwell Citrus: Arno Strydom, Zynie Streicher, Maxi Potgieter, Melissa en Chris Boyce



V.l.n.r. Unifrutti: Neville Makwanie, Alton van der Merwe, Gordon Badenhorst, Johan Gerber en Frank Coetzee



V.l.n.r. Greenco: Elize Truter, Annet van der Merwe, Elandré Burger, Conrad Bosman en Willem Truter



V.l.n.r. Safresco Thudana: Maryna Foley, Theresa Botha, René van Dyk, Lena Reid en Ernestine Nel



V.l.n.r. Endulini: Henriëtte Jordaan, Marcia Kunge, Louisa Nel, Jacques Arendt, Mart-Sophi Swart en Amy Bell



Agter v.l.n.r: André Burger (Senior Bestuurder: Handel), Willie Rossouw (Veldbemarker) en Tom de Koning (Bestuurder: Operasioneel) Voor v.l.n.r: Monique van Tonder (Takbestuurder: Agriland Addo), Alida Smith (X), Astrid Lippert-Fisher (Bemarking en Kommunikasie Spesialis) en Lindie Henry (Produkbestuurder: Kunsmis en Chemie)



V.l.n.r: Werner Kruger (Hoof Bestuurder: Kommersieel), André Burger (Senior Bestuurder: Handel) Tom de Koning (Bestuurder: Handel Operasioneel) en Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte)

SSK INTERNE OUDIT: LANDBOUFORUM

SSK se Interne Oudit-afdeling het op 15 en 16 Oktober 'n Landbouforum by SSK se hoofkantoor op Swellendam aangebied. Hoofde van interne oudit en senior personeel uit die landbousektor van regoor Suid-Afrika, het die tweedaagse forum bygewoon. Verteenwoordigers van AFGRI, BKB, die KAL-groep, OBARO, OVK, Senwes en VKB was onder die verteenwoordigers. Die forum het 'n waardevolle geleentheid gebied vir samewerking, kennisdeling en die uitruil van kundigheid tussen rolspelers in die landbousektor.

Verskeie onderwerpe en besprekingspunte vanuit 'n interne oudit perspektief is tydens die forum bespreek, met groepbesprekings wat insigte na vore gebring het. Die sprekers tydens die forum was Francois Swanepoel (Hoof Uitvoerende Beampte: SSK), James Gourrah (voormalige Voorsitter van die Instituut van Interne Ouditeure Suid-Afrika (IIA SA) en huidige Hoof van Interne Oudit: Capitec), Marthin Grobler (Voorsitter van die IIA se Standaarde Raad en Direkteur van IA Professionals), Pieter Malan (Hoofbestuurder: SSK Graandienste), Rikus Vorster (Stigter van Fern Advisory) en Rozaan Blignaut (Lewensafrigter en gesertifiseerde NBI-breinprofiel praktisyn).



V.l.n.r: Haywin Hopley (SSK), Chris Meyer (SSK), Davina Pillay (KAL Groep), Kristin Keeton (BKB), Marthin Grobler (IA Professionals), Pieter Steyl (KAL Groep), James Gourrah (Capitec Bank), Matthys Klopper (OVK), Marlise Viljoen (AFGRI), Theo Kruger (OBARO), Jandri Barnard (VKB), Lizelle Steenenberg-Boyens (BKB), Michael Rooiland (SSK), Bennie Smit (Senwes), Edward de Villiers (Senwes)

WRSA WILDBOER VAN DIE JAAR 2026



Joan en Hennie Barnard

Baie geluk aan SSK-lid Hennie Barnard, wat onlangs as Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA) se Wildboer van die Jaar 2026 aangewys is. Hennie boer reeds vir 30 jaar met wild op sy plaas Skietfontein buite Aberdeen, waar hy ook Merino-skape en Angorabokke aanhou.

2026 PEROLD ABSA CAPE BLEND



V.l.n.r: Beyers Truter (Voorsitter Pinotage Assosiasie), Hennie Kotze (Jakkalsvlei) en Jolene Grobler (ABSA)

Jakkalsvlei Private Wine Cellar het onlangs met twee besondere toekennings weggestap by die 2026 Perold ABSA Cape Blend-kompetisie wat by die gesogde Simonsvlei Wynkelder in Paarl gehou was. Hennie Kotze, Wingerdboukundige by Jakkalsvlei, ontvang hier die twee toekennings namens die besigheid. Hul Jakkalsvlei Mount Cuvée Cape Blend 2024 en Jakkalsvlei Pinotage Rosé 2026 is beide aangewys as wenners in hul afsonderlike afdelings.

SSK SAAD BESOEK BAYER, DUITSLAND



V.l.n.r Chris Slabbert (Seedgrowth Business Enabler Africa: Bayer), Pieter Malan (Hoof Bestuurder: SSK Graandienste), Gerdus Steyn (Senior Bestuurder: SSK Saad) en Steve Nel (Lead Agronomist Bayer South Africa)



Pieter Malan en Gerdus Steyn besoek Bayer se ForwardFarm Initiative-gewaswetenskapfasiliteit by Diamianshof.

Party besoeke wys jou nie net wat ander mense doen nie, maar laat jou ook nadink oor jou eie bedryf en dié rol wat jy daarin speel.

Op 'n onlangse besoek aan Bayer CropScience se hoofkantoor in Monheim, Duitsland, asook verskeie van die maatskappy se gewaswetenskapfasiliteite, het ek besef dat dié ervaring veel meer behels as bloot 'n geleentheid om 'n internasionale maatskappy se bedrywighede van nader te beskou. Die omvang van die werk agter moderne landbou, die tyd en kundigheid wat nodig is om nuwe oplossings te ontwikkel, en die waarde daarvan om kennis met ander te deel, was 'n besonderse hoogtepunt.

In landbou fokus ons dikwels op die eindresultaat: beter opbrengste, sterker plante, meer doeltreffende insette en 'n volhoubare boerderystelsel. Wat ons egter nie altyd besef nie, en dis presies wat hierdie geleentheid my gebied het, is hoeveel navorsing, beplanning en samewerking nodig is voordat 'n nuwe oplossing uiteindelik die produsent bereik.

Een van die aspekte wat my die meeste opgeval het, was hoe lank dit neem om 'n nuwe produk van die aanvanklike ontwikkelingsfase tot by die mark te bring. Wat vir 'n boer soms na 'n eenvoudige behoefte of 'n dringende probleem op die plaas lyk, kan jare se navorsing, toetsing, veiligheids-beoordeling en regulatoriese prosesse verg voordat 'n oplossing kommersieel beskikbaar is.

Die besoek aan Bayer se Dormagen-terrein het hierdie werklikheid beklemtoon. Die omvang en kompleksiteit van industriële vervaardiging wys hoe nou wetenskap, tegnologie, gehaltebeheer en voorsieningskettingbestuur met mekaar verbind is.

'n Ander interessante aspek was die hoeveelheid aandag wat daar aan biologiese oplossings en die kombinasie van produkte gegee word om plantprestasie te verbeter. Die fokus is nie bloot op 'n enkele produk se werking nie, maar ook op hoe verskillende oplossings mekaar kan aanvul om wortel-ontwikkeling, voedingstofbenutting, plant-krag en uiteindelike opbrengsprestasie te bevorder.

Besonders leersaam was Damianshof - Bayer se *ForwardFarm Initiative* wat op herlewingslandbou fokus. Wat uitgestaan het, was die eienaar se passie vir die boerdery, die produkte en die resultate wat bereik kan word wanneer tegnologie verantwoordelik toegepas word. Hierdie passie, gekombineer met praktiese ervaring, het my laat dink oor die waarde van kennis wat op die plaas getoets en toegepas word. Dit gaan nie bloot daaroor om 'n produk te bemark nie, maar om te verstaan hoe dit onder werklike boerderytoestande presteer, waar dit waarde toevoeg en waar daar ruimte vir verbetering is.

Geen twee boerderyseisoene is dieselfde nie. Grondsoorte, klimaat, wisselbou en bestuurspraktyke beïnvloed almal die uiteindelike resultaat. Wat onder een stel omstandighede werk, lewer dus nie noodwendig oral dieselfde uitkoms nie.

Vanuit my eie betrokkenheid by die saadbedryf het die besoek my herinner dat ons verantwoordelikheid verder strek as die saad wat ons produseer of verkoop. Saad is die grondslag van gewasproduksie, maar die uiteindelike prestasie van 'n kultivar word deur veel meer as genetiese potensiaal alleen bepaal. Ons moet dus meer aandag gee aan die waarde wat dit binne die totale boerderystelsel skep.

Dit vereis samewerking tussen saadmaatskappye, insetverskaffers, navorsers en produsente, asook 'n bereidwilligheid om kennis en praktiese resultate te deel. Hoe beter ons verstaan hoe verskillende elemente saamwerk, hoe beter kan ons produsente ondersteun om ingeligte besluite te neem en die beste moontlike waarde uit hul produksie te verkry.

Die besoek het my opnuut laat besef dat vooruitgang in landbou tyd, geduld en volgehoue samewerking verg. Dit het ook my waardering versterk vir die mense agter innovasie en vir die produsente wat bereid is om nuwe oplossings verantwoordelik in die praktyk toe te pas.

Die belangrikste les wat hierdie besoek my geleer het, is dat vooruitgang nie net bepaal word deur watter nuwe tegnologie of produkte ons beskikbaar het nie, maar deur hoe goed ons dit verstaan, toepas en ons kennis daaroor met ander deel. Uiteindelik word volhoubare landbou nie deur een maatskappy, een produk of een produsent gebou nie. Dit word gebou deur mense wat bereid is om saam te werk, aan te hou leer en verantwoordelikheid te neem vir die toekoms van die bedryf.

- Gerdus Steyn
Senior Bestuurder: SSK SAAD

Redaksie: Astrid Lippert-Fisher | Tel: 044 601 1200 | astrid.fisher@ssk.co.za
Design: Nenane Bester - infografiac@gmail.com
Printing: Blitsdruk, George

Besoek gerus ons webblad vir nuus, kommoditeitspryse, weervoorspelling, rekening- en transaksie inligting.
Please visit and like our SSK Facebook page to keep up to date with news and events in our area.